

**20 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 17:1-24**  
**Fokusgedeelte: Johannes 17:4, 24**

**Die groot versoeningsdag!**

Die ewige lewe is slegs deur Jesus moontlik. Nou verklaar Jesus dat Hy hierdie werk volbring het, en so die wil van sy Vader doen. Jesus gebruik hier die woord “volbring” wat reeds na die dieselfde uitspraak aan die kruis verwys. Dit is die groot versoeningsdag wat voorlê, sodat almal wat in Hom tot geloof sal kom, die ewige lewe kan kry. Jesus dra hier in sy gebed die gelowiges in besonder aan ons hemelse Vader op. Hy beskryf die gelowige as “die wat U My gegee het” (vgl. vs. 2, 7). Die gedagte van die uitverkiesing kom na vore as waarborg vir die ewige lewe en versoening. In sy aardse lewe het Jesus sy heerlijkheid sigbaar gemaak.

Nou wil Hy dat sy volgelinge in hulle lewe van vernedering en lyding daarvan bewus moet wees. Dat die gelowiges “by Jesus” sal wees en hulle plek deur Hom berei word. Dat die gelowige ’n oog sal hê om hier reeds sy heerlijkheid te sien en daardeur versterk te word. Dit is die afwagting en die sekerheid van die gelowige op die finale versoeningsdag wat voorlê.

Die heerlijkheid van Jesus bestaan daaruit dat voordat die skepping daar was, was Hy reeds daar en is Hy ingesluit in die ewige liefde van die Vader. In hierdie heerlijkheid het die hemelse Vader Jesus opgeneem waar Hy aan die regterhand van God sit; dit is in hierdie heerlijkheid dat ons as gelowiges Hom weer sal sien. So doen Jesus ook vir ons voorspraak by die Vader, dat ons ook aan hierdie heerlijkheid mag deel hê wanneer Hy weer kom. Die Gees en bruid roep uit: Kom, Here Jesus, kom (Openb 22:16)!

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Teologiese Student Gerhard Niemann*

